**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL SG**
**(Derde Vraestel: Kreatiewe Skryfwerk)**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES**:

- Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings (A, B en C).
- Beantwoord slegs **DRIE** vrae.
  - Een onderwerp uit Afdeling A.
  - Een onderwerp uit Afdeling B.
  - Een onderwerp uit Afdeling C.
- Nommer jou skryfstukke presies soos wat die vrae op die vraestel genommer is.
- Skryf netjies en leesbaar.

---

AFDELING A

**VRAAG 1**
**LANG SKRYFSTUK**

**INSTRUKSIES**:

- Kies **EEN** vraag uit hierdie afdeling en voer dan die opdrag van **250 – 300 woorde** by daardie vraag uit.
- **Jy moet jou lang skryfstuk eers as 'n rowwe kopie skryf en dan netjies oorskryf.**
- Volg die **opdrag** by elke skryfstuk.

1.1 Jy is as 'n deeltydse matriekkandidaat ingeskryf. Jy voel nie altyd gelukkig om 'n deeltydse matriekkandidaat te wees nie, want jy ervaar baie probleme.

**OPDRAG**:

Vertel van jou eie situasie. Dink aan die volgende:

- Waarom studeer jy deeltyds?
- Watter probleme ervaar jy by die huis en by die skool?
- Hoekom ervaar jy hierdie probleme?
- Is jy die enigste deeltydse kandidaat wat hierdie probleme ervaar?
- Wat kan die skool of die onderwysers doen om die lewe vir deeltydse kandidate makliker te maak? (40)

**ÓF**

1.2 Dit is ? plesier om sokkerspanne / rugbyspanne / tennisspelers te sien speel.

**OPDRAG**:

Gee inligting oor ? wedstryd / wedstryde wat jy bygewoon het of op televisie gesien het. Dink aan die volgende:

- Waarom is dit nou 'n plesier om na ons sportspanne te kyk?
- Watter sportsoorte het baie verander?
- Hoe het ons sport verbeter?
- Wat is die moontlike redes waarom ons sport soveel beter is? (40)

**ÓF**

1.3 Julle koor of sanggroep neem jaarliks deel aan musiekkompetisies en wen gewoonlik.

**OPDRAG**:

Vertel van hierdie kompetisies. Dink aan die volgende:

- Wie is die leier van julle koor of sanggroep?
- Hoe gereeld oefen julle?
- Watter kompetisies / afdelings het julle al gewen?
- Hoe het julle daaroor gevoel? (40)

**ÓF**

1.4 Baie veranderinge is al sedert 1994 in julle dorp gemaak. Daar is aan die ander kant ook dinge wat agteruitgegaan het.

**OPDRAG**:

Beskryf die veranderinge wat plaasgevind het. Dink aan die volgende:

- Hoe lyk die paaie, skole, stadsaal, poskantoor, ens.?
- Is die dienste wat deur die polisie, hospitale, brandweer, ens. gelewer word, beter of swakker?
- Watter veranderinge wil jy graag nog sien? (40)

**ÓF**

1.5 Jy sit in die eksamensentrum om ? moeilike vak te skryf. Jy is bang en onseker.

**OPDRAG**:

Beskryf jou gevoelens en vertel waaraan jy dink terwyl jy in die eksamensentrum sit. Dink aan die volgende:

- Hoe voel jy terwyl jy sit en wag dat die vraestel uitgedeel moet word?
- Hoe voel jy nadat jy die vraestel gekry en vinnig deurgelees het?
- Watter vak is dit en hoekom is jy so bang vir die vak?
- Het jy genoeg geleer voor die eksamen? Verduidelik.
- Hoe het jy gevoel nadat jy klaar geskryf het? (40)

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

AFDELING B

**VRAAG 2**
**KORTER SKRYFSTUK**

**INSTRUKSIES**:

- Kies **EEN** vraag uit hierdie afdeling.
- Jou skryfstuk moet **120 – 150 woorde** lank wees.
- Begin die vraag op ? nuwe bladsy.

2.1 Dit is laat in die nag en drie skelms breek by julle huis in en steel die elektriese toestelle.

**OPDRAG**:

Skryf **? verslag** oor alles wat gebeur het. Dink aan die volgende:

- Hoe het die skelms by die huis ingekom?
- Wat het hulle alles gesteel?
- Hoe het hulle die huis omgekrap?
- Wat het hulle met jou gedoen en wat het daarna gebeur? (20)

**ÓF**

2.2 Jou ma is ernstig siek en jou pa het lank gelede gesterf. Dit word moeilik om jou ma op te pas.

**OPDRAG:**

Vertel jou tante in **? brief** oor jou ma se toestand. Dink aan die volgende:

- Vir hoe lank is sy reeds siek?
- Kry sy genoeg mediese behandeling of nie?
- Hoekom is sy nie in die hospitaal nie?
- Hoe kom jy reg met die oppas van jou ma? (20)

**ÓF**

2.3 Jy het na jou eerste huis/woonstel getrek en jy wil dit meubileer. Jy het idees nodig en gesels met jou vriend/vriendin oor al jou planne. Jy het egter nie baie geld nie en jou vriend/vriendin is ? baie praktiese mens wat vir jou goeie advies gee.

**OPDRAG:**

Skryf **? dialoog** tussen jou en jou vriend / vriendin en vra vir idees vir jou huis/woonstel. Dink aan die volgende:

- Die kleur van elke kamer
- Die meubels wat jy nodig het of nie nodig sal hê nie
- Die soort gordyne, matte en prente teen die mure (20)

**TOTAAL VIR AFDELING B: [20]**

AFDELING C

**VRAAG 3**
**FUNKSIONELE SKRYFSTUK**

**INSTRUKSIES**:

- Kies **EEN** vraag uit hierdie afdeling.
- Jou skryfstuk moet **120 – 150 woorde** lank wees.
- Begin die vraag op ? nuwe bladsy.

3.1 Julle het gereël dat julle ? piekniek gaan hou as ? eindeksamenpartytjie.

3.1.1 **OPDRAG**:

Skryf **? uitnodiging** (40 – 50 woorde) aan jou beste vriend / vriendin om die piekniek by te woon. Dink aan die volgende.

- Waar en wanneer gaan julle dit hou?
- Wanneer en hoe gaan julle na die partytjie toe ry?
- Hoe laat sal dit begin? (10)

**ÉN**

3.1.2 **OPDRAG**:

Skryf **? faksboodskap** (80 – 100 woorde) waarin jy motiveer hoekom jy wil hê dat jou vriend / vriendin die piekniek moet bywoon. Teken die formaat van die faksvorm in jou antwoordboek en vul die nodige inligting in. Skryf die boodskap van ongeveer 80 – 100 woorde in die boodskapgedeelte. (10)

| NAAM VAN SKOOL |
|---|
| AAN:<br>FAKSNOMMER:<br>VAN:<br>DATUM:<br>GETAL BLADSYE: |
| INHOUDSOPSKRIF |
| BOODSKAP: (80 – 100 woorde)<br>Dink aan die volgende:<br>- Waarom jou maat die partytjie moet bywoon<br>- Wat julle alles gaan doen<br>- Watter klere om aan te trek<br>- Enige ander inligting |
| HANDTEKENING: |

**[20]**

**ÓF**

3.2 Julle voel bekommerd oor die misdaad wat in julle omgewing toeneem. Julle het toe 'n organisasie, STOP MISDAAD, begin. Julle gaan ? vergadering vir al die mense in die omgewing reël.

**OPDRAG**:

Skryf **? kennisgewing** waarin julle die mense in julle omgewing oor die vergadering laat weet. Teken die formaat van die kennisgewingvorm in jou antwoordboek en vul die nodige inligting in. Dink aan die volgende:

- Gee ? opskrif van die vergadering, bv.: Kennisgewing van ? spesiale vergadering.
- Naam en adres van die organisasie, STOP MISDAAD
- Datum en plek van die vergadering
- Waarom wil julle hê dat die mense almal die vergadering moet bywoon?
- Moet die mense net kom luister of moet hulle ook iets doen?

NAAM VAN ORGANISASIE : **STOP MISDAAD**

AAN : ______________________

VAN : _______________________

DATUM : _______________________

INHOUDSOPSKRIF

BOODSKAP

GETEKEN: _____________________________

(20)

**ÓF**

3.3 Jy neem deel aan ? kompetisie. Die gelukkige wenner kan R500 000 wen.

**OPDRAG**:

Skryf **? advertensie** om die kompetisie te adverteer.

Dink aan die volgende:

- Wie skryf die kompetisie uit?
- Wat kan jy alles wen?
- Wat moet jy doen om deel te neem?
- Wat kry jy as jy nie wen nie, maar vir die kompetisie ingeskryf het?
- Wie is die beoordelaars?
- Waarheen moet die inskrywing vir die kompetisie gestuur word?
- Wanneer is die sluitingsdatum?
- Enige ander inligting (20)

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**